

NG KERK MARBLE HALL, 1951 – 1961

ONTSTAAN EN GESKIEDENIS (deur ds Christo de Witt)

Die Bosveld langs die Olifantsrivier is reeds na die Groot Trek deur ons mense bereik. By die kobaltnyn langs die Selonsrivier is grafte uit die jaar 1843 te sien. Veeboere het hierheen getrek tydens die wintermaande om hulle vee te beskerm teen die koue van die Hoëveld. Hier het hulle tydens hulle winterverblyf begin om koring te saai langs die riviere en as gevolg van die hoë opbrengste het party hulle somer permanent daar gevestig. Dit was twee Grieke (Darras en Patrajohn) wat eerste besef het dat die droëlandbouboerdery nie betaal nie. Hulle het met staats hulp die Rooikraaldam in 1917 voltooi. Hierdie verbetering kon duidelik gesien word in die groot oeste wat afgehaal is. Die Selons-, Kruis-, Bloed- en Mosesrivier was die slagare van die groeiende samelewing wat in die vroeë jare van die twintigste eeu hier ontstaan het. Die besproeiingskema het die gebied baie aantreklik gemaak.

Die ontstaan van die dorpie Marble Hall is eerstens te danke aan die ontginning van marmer in 1930. Verder het die bou van die Loskopdamskema ook bygedra tot 'n toeloop van mense aangesien dit die beleid van die departement was om aan blankes werk te gee in hierdie moeilike depressiejare. In hierdie jare het di. Strauss, de Wet en van der Meulen die mense in die kanaalkampe bedien. As gevolg van 'n geweldige toeloop van mense word Groblersdal gemeente op 8 Junie 1940 gestig. Baie gou het dit duidelik geword dat dit noodsaaklik was om ook op Marble Hall gereelde dienste te hou en die sakramente te bedien, aangesien hier ook meer en meer mense begin saamtrek het. Die mense hier was uit die aard van die saak baie afgesonderd, die paaie was swak, vervoer was moeilik en die saal op Groblersdal was te klein vir die behoefte van die gemeente. 'n Laaste rede vir die toeloop van mense hierheen was die feit dat die persele na die oorlog in 1948 uitgedeel is aan teruggekeerde soldate. Soos te wagte het daar oor die jare 'n stygende behoefte aan intensiewer bearbeiding begin ontwikkel en die gedagte aan die stigting van 'n eie gemeente is baie versterk. Hier was reeds 'n sentrum rondom die myn met 'n skool, besighede en 'n spoorwegpunt. Die Nederduitse Hervormde Kerk het reeds in 'n saaltjie op Marble Hall dienste gehou.

Die verhaal van ons gemeente begin op 18 Augustus 1951 om 14:00 toe ongeveer 400 lidmate by die "tabernakel" ('n tent wat met spoorwegseile en pale gebou was) op die erf waar later 'n sierlike kerkgebou sou verrys, byeengekom het en afgestig het van Groblersdal gemeente. Die voorsteller van die besluit was br M Hart, gesekondeer deur br J Bekker. Die gemeente moes stem en nie deur die hand op te steek nie, maar deur op te staan. Die hele gemeente het opgestaan. Met 'n bruidskat van R600-00 en twee erwe (wat onderskeidelik R500 en R300 werd was) betree hierdie nuutgestigte gemeente 'n nuwe era. Die pasgestigte gemeente word in 9 wyke verdeel en kerkraadslede word deur die gemeente verkies :

WYK

Ottensville
Rooibokkop
Marble Hall
Buite M/Hall
Elandsdrift
Kamp F
Wolwekraal
Vlaklaagte
Toitskraal

OUDERLING

S J Verkuil
J C Rodger
P J du Plessis
J J Enslin
P J Jacobs
T L Grobler
C van Vreden
M J Harp
D H L Nel

DIAKEN

J J van Zyl
H F Grobler
B van den Berg
J A N Breytenbach
F P Erasmus
J A Bosman
H P Kotze
J G Nagel
F R J v Rensburg

'n Maand later word A J Viljoen as ouderling en J A F van den Heever as diaken op die kerkraad bygevoeg.

Dit is eers sewe maande later op 22 Maar t 1952 wat die eerste leraar in die persoon van ds I J Bornman in die gemeente bevestig is. Die gemeente het op daardie stadium nie 'n pastorie gehad nie en 'n mynhuisie is gehuur en gebruik as pastorie. Die eerste pastorie is op 25 Februarie 1953 voltooi en die Bornmans kon intrek.

Aanvanklik is die eredienste gehou in een van die klaskamers van die laerskool. Later, as gevolg van 'n besondere verhouding met die ander twee susterskerke word 'n samewerkingsooreenkoms daargestel vir die gebruik van die Hervormde Kerk se saaltjie. Volgens hierdie ooreenkoms kry die drie susterskerke om die beurt 'n kans in die oggend, middag en aand vir hulle eredienste.

In 1953 gee die kerkraad opdrag dat ondersoek ingestel moet word na 'n plan vir 'n eie kerkgebou. Daar is deeglike navorsing gedoen en daar is gaan kyk na 'n verskeidenheid van kerkplanne. Nadat 'n plan opgetrek is deur H Vermooten van Pretoria en die helfte van die boukoste ingesamel is, is die hoeksteen op 14 Augustus 1954 gelê. Daar is dadelik met die bouery begin deur die Hervormde Kerk Weeshuisbouers. Almal het bygedra tot die bou van die Kerk. Die eerste boom op die terrein is deur oom Thys Uys met sy David Brown trekker uitgetrek. Die eerste sooi is deur tannie van Heerden gespit. Die orrel is deur die susters geskenk, die matte is deur 'n paar persone geskenk en die Sondagskoolkinders het die ligte betaal.

Tydens die week van 4 en 5 Junie 1955 word die kerk ingewy. Dit was die heel eerste volwaardige kerkgebou in die dorp en voorwaar 'n besondere landmerk.

Nadat ds Bornman 'n beroep aangeneem het, volg ds J T Jordaan hom op en word hy op 7 April 1956 in die gemeente bevestig. As gevolg van sy besondere sendeling – belangstelling en begeerte om meer in die sendingveld te arbei (die huidige Lepele gemeente is deur hom gestig) word hy gedeeltelik losgemaak van die gemeente en dit lei tot die beroep van 'n medeleraar in die persoon van ds G S van Heerden wat op 18 Augustus 1956 bevestig is. In 1959 aanvaar ds

Jordaan 'n beroep en na die vertrek van ds van Heerden was die gemeente vir 'n lang ruk vakant.

Nadat talle beroepe sonder sukses uitgebring is, word prop H Steyn op 28 Maart 1964 bevestig. Dit is in die jaar dat die gemeente besluit het om 'n gemeenteblad uit te gee en op 4 Desember 1964 word die Koringgerf gebore. Dit was ook ds H Steyn se voorreg om die leiding te neem in die bou van die sierlike en doelmatige gemeentesentrum waarvan die hoeksteen op 7 Junie 1969 gelê is en die inwyding op 24 Maart 1970 plaasgeving het. Aan die einde van 1970 aanvaar ds Steyn 'n beroep en die gemeente beroep vir prop P B Grobler wat op 23 Januarie 1971 bevestig word.

Marble Hall is nog 'n relatiewe jong gemeente, wat beslis die potensiaal het om in die toekoms nog diep spore te trap in die uitbreiding van die Koninkryk van God – mag die Here ons werklike daartoe help.